

28 April

Johannes 21:1-25 (21:7)

Die geopenbaarde

Die verborgenheid van die opgestane Jesus en wat die Evangelie ons vertel, mag geen verborgenheid bly nie. Hierdie verborgenheid gaan oor in 'n openbaring. Jesus tree Self in die openbaring, soos wat Hy eers in die verborgene getree het, om vir sy dissipels en vir ons die volle lig van sy heerlijkheid te toon. God wat Homself uit die verborgene ontknoop, met 'n vraag wat so eenvoudig begin met: "My kinders het julle nie iets om te eet nie". Die mens moet sy eie nood, sy armoede eers goed raaksien, dan sal ons soveel te meer raaksien hoe nodig ons die Here het. En dan bewerk Jesus die wonderlike visvangs dat hulle Hom moet herken, want God wil geken wees. God wat Hom in elk van die 153 visse openbaar. Om Christus nie te herken nie, moet kom by die punt waar ons Hom moet herken. So is die Here Self die Een wat die sluier voor Hom wegtrek. En niks is vir God te minderwaardig, nie 'n net, nie 'n vis, om in sy openbaring te gebruik nie. Die openbaring van Christus se heerlijkheid is ook die vervulling van ons stoflike nood. Ons moet Hom sien, ons moet Hom bely - DIT IS DIE HERE.

Dan is die maaltyd ook al gereed, so gereed soos elke Nagmaal, sodat die derde keer van Christus se verskyning aan sy dissipels, die inleiding kan wees, vir die drie vrae aan Simon Petrus, Hy wat die Here drie keer verloën het. Christus wat uit die verborgene die volle openbaring aangaande nie net Homself nie, maar ook oor Petrus oopmaak: "Jy sal gebring word waar jy nie wil wees nie".

Ds. P.J. Venter (Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool)